CREDO VAN DIE NED GEREF GEMEENTE KOLLEGEPARK.

In die onvoorwaardelike nastreef van die Drie–enige God se bedoeling met sy kerk, beklemtoon ons die volgende:

1. Kollegepark handhaaf die gereformeerde tradisie en terwyl die absolute gesag van die Skrif erken word, word die Kerkorde en die Bepalinge ook gehandhaaf.

2.Die grootste verandering waarna ons streef is die verandering wat die evangelie in die harte van mense bewerkstellig. Sekondêr–kosmetiese veranderinge word op meriete en met omsigtigheid oorweeg. Die inherente krag van die evangelie word in die oorweging daarvan volledig erken.

3. Dit is die begeerte van hierdie gemeente dat die erediens 'n sentrale plek sal inneem. Prediking moet 'n met God deurworstelde produk wees, waarin Sy wil met entoesiasme en ywer verkondig word. Ons begeer dat ons predikante dit as prioriteit en fokuspunt in hul bediening sal hanteer.

4. Ten spyte van moderne neigings besluit hierdie kerkraad dat individuele huisbesoek en toegespitste ampsbediening 'n saak van onverhandelbare belang is, Onder geen omstandighede word dit met alternatiewe vervang nie.

5. Groot gewig word verleen aan praktiese diensbaarheid. Ons aanvaar dat gesproke bydraes op vergaderinge niks beteken wanneer dit nie opgevolg word en gepaard gaan met konkrete dade nie.

6. Alhoewel die gemeente dikwels "kerklik konserwatief" genoem word, stel ons dit duidelik dat ons oop is vir sinvolle aanvulling en vernuwing wat diensbaar tot die bovermelde sal wees. Daar word egter gewaak teen die kweek van "geestelike lekkerbekkige" lidmate.

7. Bykomstige geleenthede word nie reserweloos geskep terwyl die bestaande nie optimaal benut word nie.

8. In gehoorsaamheid aan die Woord van God staan die belang en betrokkenheid van die totale liggaam voorop. Eksklusiwiteit in welke gedaante ookal is hoegenaamd nie aanvaarbaar nie. Hiermee word ook bedoel lojaliteit teenoor meerdere beslissings.

Hierdie credo is eenparig deur die kerkraad goedgekeur en word tot die beskikking van kerkraadslede gestel. Die bedoeling is dat bestaande en aspirant lidmate/predikante hieroor ingelig sal word.